PASTORALE BRIEF:
TERUGVOER VAN DIE KERKRAAD RONDOM DIE BEDIENING AAN HAWELOSES

Eerstens wil ons sê dat ons dankbaar en bevoorreg is om as 'n gemeente reeds bykans 180 jaar by die Koninkrykswerk van ons Here Jesus betrokke te wees in ons mooie dorp Mosselbaai.

Ons het almal egter die laaste paar maande onder die indruk gekom dat die getal hawelose mense in die dorp besig is om by die dag te groei. Omdat ons oorweldiging voel met wat ons hiermee beleef, voel ons lidmate ook onseker hoe om die maatskaplike probleem in ons dorp aan te spreek. Daar is 'n ongemak wanneer ons, veral na die erediens, genader word met versoeke. Ons het ook 'n uitdaging met haweloses wat ten tye wat die erediens aan die gang is, op die terrein ronddwaal.

Sommige van ons gee, ander gee nie, sommige ry selfs terug huis toe en bring iets terug om te gee. Ander tree koud en geïrriteerd op, jaag die mense weg of ignoreer hulle eenvoudig.

Daar is nie by ons kerkraad 'n vraag oor óf ons gemeente, wat deur die Here geroep is om '*n familie van liefde* te wees, 'n bediening aan die haweloses in ons dorp moet hê nie – dis heel duidelik in die Bybel wat van gelowiges verwag word (vgl. Matt 25:32-38). Ons noem onsself ook 'n *Gestuurde Gemeente*: dit is 'n gemeente wat met fyn aanvoeling oplet waar die Here besig is om te werk, en dan moue oprol en by die werk van die Here betrokke raak. Ons is sterk daarvan oortuig dat die Here dit van ons as gemeente en elkeen as Sy unieke kinders verwag om direk by die nood van die wêreld betrokke te wees.

Die leraars en afgevaardigde Kerkraadslede was in gesprek met multi-organisasies, waaronder DSD (*Maatskaplike dienste: staat)*, The Haven Shelter, ACVV *(Maatskaplike dienste: NG Kerk),* asook ander gemeentes in die middedorp wat net so swaar trek hiermee, waaronder St. Peters, die Metodiste kerk, Roomse Kerk en Every Nation. Ons het moeite gedoen om nie kop eerste in iets te duik en daarmee ons vingers te verbrand nie.

Almal kom tot een konklussie: as daar nie iets hieraan gedoen word nie, is die sneeubal effek onvermydelik. Ons kan egter nie idealisties dink hieroor nie – die Here self sê in Matt. 26 dat ons arm mense altyd onder ons sal hê. Die mense wat ná die Haven Shelter se betrokkenheid in ons dorp, steeds sonder heenkome sit, is meestal mense wat nie kan funksioneer binne strukture nie of ander psigiese- of sosiale uitdagings, en eindelik op straat leef. Die getal groei daagliks.

Die vraag bly staads: wat doen ons daaraan?

- Ons Kerkraad is oortuig dat ons 'n Gestuurde Gemeente is wat die roeping wat ons van die Here af ontvang het, ernstig opneem (Soos Jesus, is ons familie en vriend vir almal).
- Ons deel van 'n multi-dissiplinêre span moet vorm saam met die munisipaliteit, DSD, The Haven, asook ander gemeentes in die middedorp.
- Dat ons deur 'n doelgerigte bediening struktuur kan begin gee aan iets wat tans ongekontroleerd is, en daarom ongemak veroorsaak omdat ons nie weet waarheen om te gaan of wie om te kontak nie.
- *Enige* persoon, ongeag hulle status of huidige toestand, welkom is in die kerk en erediens van die Here.

Hoe gaan so 'n bediening lyk?

- Daar sal op 'n spesifieke week middag besluit word om die bediening aan haweloses uit te rol.
- Na verhoudings met die mense gebou is, hulle eerstens met die Evangelie te bedien op 'n gepaste vlak.
- Ons droom dat dié bediening eindelik die haweloses te kan begelei en motiveer om by ander strukture wat reeds gevestig is (bv. DSD en die Shelter), te kan inskakel.
- Ons wil die rondhang van haweloses op die terrein terwyl die erediens aan is bekamp, asook die ongemak aanspreek wanneer lidmate na die erediens geteiken word met versoeke.

Wat kan lidmate doen om ons te help om die bediening prakties te vestig?

- Ons wil graag die bediening op die laatste teen Januarie 2024 effektief aan die haweloses begin.
- Ons het mense nodig wat 'n hart het vir die bediening van haweloses om fisies hand te kom bysit – kontak vir ds. Henri om jou naam op te gee daarvoor.
- Ons kan nie mense wegwys van die erediens nie, maar 'n sekuriteitswag sal op Sondae op die terrein beweeg om veral ook die kriminele element te bekamp tydens die tyd wat die erediens aan die gang is.
- Omdat daar nou 'n gevestigde struktuur gaan wees om die haweloses se maatskaplike uitdagings aan te spreek, vra ons lidmate om nie lukraak aalmoese op Sondae uit te deel nie. Dit gaan die proses om die bediening effektief uit te rol belemmer.
- Ons vra dus dat jy eerder by die bediening betrokke raak wat die maatskaplike kwessie gekontroleerd kan aanspreek.